



## Open julle mond

### Teks vir die preek:

*“Maak jou mond wyd oop, dat Ek dit kan vul”.*

**Psalm 81**

P Venter

© by skrywer - 2011  
[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

### Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 105:1, 2
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 62:1,4
5. Gebed
6. Skriflesing: Psalm 81
7. Sing Psalm 81:1,12,15
8. Teks Psalm 81:1,7,11,17
9. Preek
10. Sing Psalm 23:3
11. Gebed
12. Kollekte
13. Sing Psalm 48:4
14. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

Om fees te vier, is in die Here se Woord 'n opdrag. Broeder en suster, daarom vier ons ook vanoggend die fees van die Nagmaal- as 'n verordening, as 'n insetting van die Here Self. Die Nagmaal is altyd 'n hoogtepunt en moet die hoogtepunt wees van alle feesvieringe hier op aarde.

\*\*\*

Psalm 81 laat ons besef daar is soveel rede om met blydschap fees te vier. Om te jubel en te juig tot God se eer (v.2). Die God van Jakob wat ons met oorvloed versorg. Hoe toepaslik om by hierdie Nagmaal te besef die pragtige voeding wat in die Psalm beskryf word. Klein voëltjies wat in hulle nessie sit en die oomblik as die wyfie die nes inkom dan gaan daardie kleintjies se bekkies spontaan oop. Hulle verlang dat die ma die wurmpie of saadjie in hulle bekkies moet sit...V.11 sê die Here ook vir Israel- gedagtig aan hoe klein voëltjies dit kan doen- maak julle mond wyd oop dat ek dit kan vul...

Dan sien ons raak die volheid wat daar in Christus vir ons bestaan. Watter volheid om hierdie Psalm as feeslied jousef nie te weier nie. As jy sou weier om jou so deur God te laat voed dan kom daar 'n groter gebrek as om maar net arm te wees. Daar kom die groter gebrek deur weiering.

\*\*\*

Vir Israel was Psalm 81 'n feeslied wat juis op 'n vyftien-dae fees gesing was, 'n fees langer as twee weke. Vir 15 dae is daar die Loofhuttefees gevier. Die Loofhuttefees het begin net na die vrugte-oeste en ander oeste ingesamel kon word. Die herfs-seisoen het begin. Op nuwemaan is die ramshoring geblaas wat die begin van die fees aankondig en dan in daardie twee weke voor dit volmaan is, is daar gedoen wat in vers 4 en 5 staan- Blaas die basuin op nuwemaan, op volmaan vir ons feesdag. Want dit is 'n insetting vir Israel, 'n verordening van die God van Jakob.

In hierdie volgende twee weke dan het Israel by meer as net hulle pragtige mandjies vol vrugte en groente, ja by al hulle oeste stilgestaan. Saam met die mandjies het hulle die Here gedank vir hulle geskiedenis. Die Here wil dit baie duidelik stel dat 'n mens jou geskiedenis nie mag vergeet nie! Israel het hulle geskiedenis in hierdie twee weke stuk vir stuk nagegaan.

En die geskiedenis in die Psalm begin waar Israel nog in Egipte was. Hulle het nie in Egipte mandjies vol vrugte kon rondra en daaroor kon feesvier nie. Née op hulle skouers was swaar mandjies vol klei en stene en klip. Dink aan al die boumateriaal wat hulle swaar op hulle skouers moes tel, met albei hande moes jy dit swaar oor jou kop tel, swaar moes daardie mandjies klei gedra word en daar op die bouperseel moes jy besonder versigtig wees om die mandjie weer so af te tel, met albei jou hande, dat dit jou nie van balans ruk nie. Hulle was die slawe wat so vir die Egiptenaars moes werk. In vers 7 voor die vrugtemandjies besing kan word, is dit wonderlik om te weet – Ek het sy skouer bevry van die las, sy hande het die mandjie gelos...Die Here het hulle hande losgemaak van Egipte se swaar mandjies...ons mag nou dra heerlike vrugtemandjies want ons vrugteoes is mooi en ons is dankbaar daaroor.

Verse 8-11 vertel die geskiedenis nog duideliker. Die Here het 'n wolkkolom gestuur, dié het hulle geskei van die Egiptenaars, want die wolkkolom het hulle gevolg soos waar hulle kon gaan. In wolke word water bymekaar gemaak. Vers 8 praat ook van die wonderlike water in die woestyn- hoor die geskiedenis soos wat die Here dit vertel- Ek het jou getoets by die waters van Meriba... Meriba met sy water uit die rotswande...Ons weet sonder water is geen oeste moontlik nie. Die Here het selfs 'n droë rots 'n fontein kon maak.

Daarom dat die Loofhuttefees in baie opsigte ook 'n waterfees was. God se groot waterwonders was juis deel van die agenda van die Loofhuttefees. Jesus wat in sy tyd op aarde juis op die Loofhuttefees in Johannes 7, Homself geopenbaar het, Hy het Homself verklaar as die Een wat die groot Watervoorsiener is. Dit was Loofhuttefees in Israel, die tyd van Psalm 81 toe Jesus dit alles saamvat- as ons Johannes 7:37-38 lees dan staan daar- En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na my toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Waar die huttefees by uitstek 'n herdenkingsfees was, 'n fees van die waters, daar het Jesus, kan ons maar sê tot op die regte sekonde gewag, toe Psalm 81 die volle hoogtepunt moes bereik toe maak Jesus dit duidelik Hyself is die Watervoorsiener, Hyself laat hierdie Psalm ook vandag ten volle op Hom neerkom. Op die laaste dag van die fees dan het die priester uit die put van Siloam (daardie water wat lewe gee) water met 'n goue emmer geskep. Daarna was daar 'n seremoniële optog, weer terug tot by die tempel, totdat almal dan saamkom by die voet van die brandofferaltaar. Daar het die priester

hierdie lewende fonteinwater oor die droë klippe van die altaar uitgegiet wat simbool was van hoe God water uit 'n klip kon laat vloei. Gewoonlik het die priester dan ook vir jare en jare die woorde van Jesaja 12:3 uitgeroep as hy daardie water uitgiet, dan het hy gesê- Julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil...Op daardie dag in Johannes 7 sou die priester dit weer wou doen, maar die groot Priester, ons Hoëpriester het dit skielik alles onderbreek. Op daardie moment toe daar in Johannes 7 daardie wonderlike druppels water op die droë altaarklippe val, op daardie presies oomblik staan Jesus op en roep dit uit dat almal kan hoor- As iemand dors het, laat hom na my toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Psalm 81 gee maar die druppels, Jesus gee die strome! Die Heilige Gees word in Johannes 7 in alle geval genoem as die werklike stroom waarvan Jesus praat- want verklaar Johannes 7 dit ook dat die strome wat sou vloei het Jesus op die Heilige Gees laat sien- Ons lees Jesus het dit gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie...

Die Heilige Gees wat tien dae na hemelvaart vanuit die hoogtes waarin Christus opgevaar het uitgestort is. Die Heilige Gees is soos strome oor ons uitgegiet. Die volle heerlijkheid van Christus maak dat daar vir ons deur sy Heilige Gees soveel meer rede is om te mag Nagmaal vier, om te mag fees vier. Nie net vandag, of wanneer dit Nagmaal is nie. Hierdie Psalm maak dit vir Israel baie duidelik dat hulle nie net die Here op die feeste soos die Loofhuttefees moet dien nie, maar dat ons die Here altyd moet dien.

Terwyl die volk in Ps.81 nog in hulle feesvieringe aangespoor word, is dit asof daar onverwags 'n wending in hierdie Psalm kom. Daar is te midde van die juigtone 'n skielike wanklank. Daar is verwytdrie maal verwytdie Here sy volk. Vers 9- Israel, as jy tog na My wou luister...Weer vers 12- My volk het na my stem nie geluister nie...en dan ook v.14- Ag, as my volk maar na my wou luister...Daar moet geluister word. Drie keer sê die Here- luister...luister...luister.

Luister na die Here se Woord, luister hulle nog werklik terwyl hulle fees vier, of is al die wonderdade van redding, is die hele geskiedenis nie werklik meer hulle geskiedenis nie. Dit staan maar eenkant opgeskryf, dit vorm 'n onderdeel van die fees, maar dit is nie werklik die rede tot die fees nie Dit moet ons as kerke in sg. kerkverband onself baie sterk afvra- of ons nie maar soos Israel in vers 13 staan nie- en die Here sê- Toe het Ek

hulle oorgegee aan hulle verhardheid van hulle hart, dat hulle in hulle eie planne kan wandel. Dit is nie die kerkverband wat verantwoording sal doen of ons waarlik kerk was nie, maar elke gemeente, elke plaaslike kerk dra die verantwoordelikheid, of ons maar ons eie koppe volg, of is ons bereid om waarlik te luister. Dit wat die Here op drie manier beklemtoon Israel nie wou doen nie. As 'n fees of 'n herdenking nie met bekering en ongehoorsaamheid saamgaan nie, dan lei dit tot skynheiligheid.

Ongehoorsaamheid het so baie ander slegte gevolge. Jy raak agter in wat God vir jou vooropstel. Jy veragter selfs in die genade van die Here! God se genade in die geskiedenis word dan nie meer raakgesien nie. As ons wat vandag hierdie Psalm lees en wat nou gaan Nagmaal vier, tog maar net God se genade in alles raaksien. As ons maar na die boodskap van Jesus Christus in alles wil luister. Dan sal ons lewe nuut word. Hierdie gemeente sal van krag tot krag kan vêrder gaan. Swakheid word dan krag. Dit wat onmoontlik lyk word dan moontlik.

Ons moet werklik altyd groot dinge van die Here verwag. Laat ons met oorgawe van verstand en hart groot van die Here en van sy alvermoë dink. Dan sal ons geloof deur die Here groot gemaak word. Ons geloof sal dan "groot" uitstaan. Wanneer ons dit nie wil doen nie, dan ontbeer ons so baie. Maar luister en jy sal lewe...!

Die goddelike aandrang dat daar geluister moet word, maak dat as ons net sal luister daar so baie dinge sommer vanself sal verander. Jou hele wêreld van teleurstellings sal verander, want wys vv.15-16 hoe die Here die vyande van die kerk sal onderwerp. Die Here se haters sal kruipend na Hom vra. En waar ons weet hierdie fees die dankbaarheid op die oeste moes uitdra, sal gehoorsaamheid aan die Here selfs in die oeste gesien kan word. Vers 17- Ja, Hy sou hulle voed met die beste van die koring en met heuning uit die rots sou Ek jou versadig.

Mag die Nagmaal waarlik dien tot gehoorsaamheid, tot bekering. Mag ons werklik hoor wanneer die Here kla oor ons ongehoorsaamheid. Ongehoorsaamheid in baie opsigte. Die tweede erediens wat mense eiewillig nie bywoon nie. Eiewilligheid in ons dankbaarheidslewe. Wanneer ons maar die afskeep van ons inkomste vir die kerk gee en nie werklik feestelik bydrae uit die beste van wat God ons skenk nie. Terwyl God ons die beste wil gee, die beste koring, soete heuning uit Homself, want Hyself is vir ons 'n Rots.

Ons kan met heuning uit die rots ons lewe soet maak, maar dan moet daar werklik na God geluister word. Wie aanhou weier sal op die einde homself/haarself breek. Die gelykenis van die verlore seun het nie heuning uit die rots gebied nie, maar het hy geëindig by die varkhokke waar daar nie heuning was nie, selfs nie eers die peule wat die varke eet nie. Mag hierdie gemeente altyd 'n heuning-toekoms ingaan, nie 'n varkhok-toekoms nie!

Die Nagmaal wat ons nou gaan vier, word uit die Rots gebied, uit die hande van God Self. Laat hierdie gemeente met al ons gebreke werklik daarna verlang, of om die heuningbeeld nou heel konkreet te maak, hier is verskillende bye in hierdie kerk, in hierdie byekorf wat ons noem die Gereformeerde kerk Wonderboompoort..... Hierdie heuning wat God wil hê ons hier moet maak, moet uit Hom kom. Hy die Rots. Hoe heuningsoet sal dit wees as ons dit mag doen deur waarlik na God te luister. Maak seker jy hoor die Woord van die Here. In elke preek wat jy hoor, in elke Psalm wat jy sing, in elke gebed wat jy bid...in elke offergawe in die kollektesak, in die kerklike bydraes om die Woord in stand te hou, by elke huisbesoek deur die Here se diensknegte...in elke katekisasieklas mag daar vloei heuning uit die Rots.

Dit kan alleen gebeur as ons besef Wie het vir ons die heuning en die Rots bymekaar gebring. Jesus wat Homself soos 'n by teen 'n venster oorgegee het, dat daar vir ons heuning kan wees. Die Rots het sy bloed moes laat vloei, dat daar uit dieselfde Rots vir ons heuning kon wees. Ons mag môre en oormôre, ja die jare wat God sy kerk hier nog die beste wil gee, mag ons die beste uit ons toekoms wil haal- heuning uit die Rots. Mag God ons daarmee versadig!

Amen.